

KENNISGEWING 1926 VAN 1999
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1996 (WET 27 VAN 1996)

**NASIONALE BELEID OOR MIV/VIGS VIR LEERDERS EN OPVOEDERS IN
OPENBARE SKOLE, EN STUDENTE EN OPVOEDERS IN INSTELLINGS VIR
VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING**

Ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers, publiseer ek, Kader Asmal, Minister van Onderwys, hiermee ingevolge artikel 3(4) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996), die nasionale beleid oor MIV/vigs vir leerders en opvoeders in openbare skole, en studente en opvoeders in instellings vir verdere onderwys en opleiding, soos dit in die bylae verskyn.

PROFESSOR KADER ASMAL
MINISTER VAN ONDERWYS
AUGUSTUS 1999

BYLAE

**NASIONALE BELEID OOR MIV/VIGS VIR LEERDERS EN OPVOEDERS IN
OPENBARE SKOLE, EN STUDENTE EN OPVOEDERS IN INSTELLINGS VIR
VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING**

AANHEF

Verworwe immuuniteitsgebreksindroom (vigs) is 'n aansteeklike siekte wat deur die menslike immuuniteitsgebreksvirus (MIV) veroorsaak word.

In Suid-Afrika word MIV hoofsaaklik deur seksuele kontak tussen mans en vroue versprei. Voorts sal sowat 'n derde van alle babas wat deur MIV-positiewe vroue in die lewe gebring word by geboorte of deur borsvoeding met die virus besmet word. Antiretrovirale middels verminder die gevaar van moeder-na-kind-oordrag van die virus.

Besmetting deur kontak met MIV-besmette bloed, binnearse dwelmgebruik en homoseksuele omgang vind wél in Suid-Afrika plaas, maar maak 'n baie klein gedeelte van alle besmettings uit. Bloedoortappings word deeglik getoets en die kans op infeksie deur oortapping is uiters skraal.

Mense ontwikkel nie vigs sodra hulle met MIV besmet word nie. Die meeste ervaar 'n lang tydperk van sowat vyf tot agt jaar waarin hulle steeds goed voel en produktiewe lede van gesinne en arbeidsmagte bly. In hierdie simptomeelose tydperk kan hulle die virus na ander oordra sonder dat hulle beseft hulle is MIV-positief.

Gedurende die simptomeelose tydperk verswak die virus geleidelik die besmette persoon se immuunstelsel, en maak dit al hoe moeiliker om ander infeksies te bestry. Simptome begin voorkom en mense ontwikkel toestande soos 'n veluitslag, chroniese diarree, gewigsverlies, koors, geswolle limfkliere en sekere soorte kanker. Baie van hierdie probleme kan voorkom of doeltreffend behandel word. Hoewel hierdie infeksies behandel kan word, kan die onderliggende MIV-infeksie egter nie genees word nie.

Sodra MIV-positiewe mense 'n ernstige infeksie of kanker ('n toestand wat as simptomeelose vigs bekend is) opdoen, sterf hulle gewoonlik binne een tot twee jaar. Die geraamde tyd vanaf MIV-infeksie tot sterfte in Suid-Afrika is ses tot tien jaar. Baie MIV-positiewe persone ontwikkel egter veel vinniger vigs en sterf. Ander leef weer vir tien jaar of langer met die minimum gesondheidsprobleme. Tog sterf almal uiteindelik aan vigs.

MIV-positiewe babas oorleef gewoonlik korter as MIV-positiewe volwassenes. Baie sterf binne twee jaar ná geboorte, en die meeste voor vyfjarige ouderdom. 'n Beduidende aantal kan egter tieners word voordat hulle vigs ontwikkel.

Daar is tans geen geneesmiddel vir MIV-infeksie nie, en enige geneesmiddel wat ontdek word, sal waarskynlik finansiële buite die meeste Suid-Afrikaners se bereik wees.

MIV/vigs is een van die hoofuitdagings vir alle Suid-Afrikaners. Die bevindinge van die MIV-opname wat in 1998 onder swanger vroue by openbare voorgeboorteklinieke van die Departement van Gesondheid gedoen is, toon dat die MIV/vigs-epidemie in Suid-Afrika onder die ergste ter wêreld is en teen 'n ontstellende tempo toeneem. Die tempo van toename word op 33,8% geraam. Op grond van hierdie syfers is een uit elke agt van die land se seksueel aktiewe inwoners – diegene ouer as 14 – teen hierdie tyd besmet. In die voorgeboorte-opname het die voorkoms van MIV/vigs onder swanger vroue onder die ouderdom van 20 van 1997 tot 1998 met 'n skokkende 65,4% toegeneem.

Volgens 1998 se Verenigde Nasies-verslag oor MIV/vigs- menslike ontwikkeling in Suid-Afrika sal 'n geraamde 25% van die algemene bevolking teen die jaar 2010 MIV-positief wees. Die vooruitgang in onlangse dekades, veral wat lewensverwagting en opvoeding betref, sal onvermydelik deur die impak van huidige hoë MIV-voorkomsyfers en die toename in vigsverwante siektes en sterftes beïnvloed word. Dit sal toenemende druk op leerders, studente en opvoeders plaas.

Aangesien die Ministerie van Onderwys die erns van die MIV/vigs-epidemie beseft, en internasionale en plaaslike navorsing daarop dui dat baie gedoen kan word om die verspreiding van die epidemie te verminder, is die Ministerie daartoe verbind om die maatskaplike, ekonomiese en ontwikkelingsgevolge van MIV/vigs vir die onderwysstelsel, alle leerders, studente en opvoeders te beperk, en om leiding te bied in

die inwerkingstelling van MIV/vigs-beleid. Hierdie beleid wil bydra tot die bevordering van doeltreffende voorkoming en sorg in die konteks van die openbare onderwysstelsel.

In pas met internasionale standaarde, en ooreenkomstig onderwyswetgewing en die grondwetlike waarborge van die reg op basiese onderwys, die reg om nie onbillik teen gediskrimineer te word nie, die reg op lewe en liggaamlike integriteit, die reg op privaatheid, die reg op vryheid van toegang tot inligting, die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening, die reg op vryheid van assosiasie, die reg op 'n veilige omgewing en die belange van die kind, word die volgende as nasionale beleid bepaal.

1. WOORDOMSKRYWINGS

Enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding (Wet 98 van 1998) en die Wet op Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998) toegeken is, sal ook hiër daardie betekenis hê, tensy uit die samehang anders blyk:

'Geweld' beteken gewelddadige gedrag of behandeling wat die slagoffer fisies skade aandoen, byvoorbeeld aanranding en verkragting.

'Instelling' [en 'institusioneel'] het betrekking op 'n instelling vir verdere onderwys en opleiding, wat insluit 'n instelling wat in artikel 38 van die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding (Wet 98 van 1998) beoog word.

'MIV' beteken die menslike immunitetsgebreeksvirus.

'Onbillike diskriminasie' beteken direkte of indirekte onbillike diskriminasie teen enigeen op een of meer gronde ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996).

'Seksuele misbruik' beteken die misbruik van persone met die klem op hul geslagsdele, byvoorbeeld verkragting, aanraking van hul privaat dele, of die invoeging van voorwerpe by hul privaat dele.

‘Universele voorsorg’ is die konsep wat wêreldwyd in die konteks van MIV/vigs gebruik word om na standaardinfeksiebeheerprosedures of voorsorgmaatreëls te verwys ten einde MIV-oordrag van een persoon na ’n ander te voorkom, met inbegrip van prosedures met betrekking tot basiese higiëne en die dra van beskermende drag soos lateks- of rubberhandskoene of plastieksakke in geval van ’n risiko van blootstelling aan bloed, patogene wat deur bloed oorgedra word of liggaamsvloeistof wat bloed bevat.

‘Venstertydperk’ beteken die tydperk van tot drie maande ná MIV-infeksie voordat MIV-teenliggaampies in die bloed verskyn. Gedurende hierdie tydperk kan MIV-toetse nie vasstel of ’n persoon MIV-positief is of nie.

‘Vigs’ beteken die verworwe immuniteitsgebreksindroom, dit wil sê die finale fase van MIV-infeksie.

2. UITGANGSPUNT

- 2.1 Hoewel daar geen bekende gevalle van MIV-oordrag in skole of instellings bestaan nie, is daar wél leerders met MIV/vigs in skole. Al hoe meer kinders wat voor of met geboorte MIV opdoen, sal met die regte mediese sorg skoolouderdom bereik en begin skoolgaan. Gevolglik loop ’n groot gedeelte van die leerder- en studentebevolking en opvoeders gevaar om MIV/vigs op te doen.
- 2.2 MIV kan nie in daaglikse sosiale omgang oorgedra word nie. Die virus word slegs deur bloed, semen, vaginale en servikale vloeistowwe en moedersmelk oorgedra. Hoewel die virus al in ander liggaamsvloeistowwe soos speeksel en urine opgemerk is, bestaan daar geen wetenskaplike bewys dat hierdie vloeistowwe MIV oordra nie.
- 2.3 Weens die toename in infeksiesyfers sal leerders, studente en opvoeders met MIV/vigs ’n al hoe groter deel van die bevolking in skole en instellings uitmaak. Aangesien baie jongmense seksueel aktief is, kan al hoe meer leerders in laer-

en hoërskole en studente in instellings besmet word. Boonop hou die seksuele misbruik van kinders in ons land 'n risiko van MIV-oordrag in. Binnearse dwelmmisbruik is nóg 'n bron van MIV-oordrag onder leerders en studente. Hoewel die moontlikheid skraal is, kan diegene in skole en instellings (byvoorbeeld hemofilielyers) ook besmette bloedprodukte gedurende bloedoortappings ontvang. Weens die toenemende voorkoms van MIV/vigs in skole is dit dus noodsaaklik dat elke skool oor 'n beplande strategie beskik om die epidemie te hanteer.

- 2.4 Weens die aard van MIV-teenliggaamtoetsing en die 'venstertydperk' of 'oënskynlik gesonde tydperk' tussen infeksie en die aanvang van duidelik herkenbare simptome, is dit onmoontlik om met absolute sekerheid te bepaal wie MIV/vigs het en wie nie. Hoewel die Departement van Gesondheid toetse doen onder vroue by voorgeboorteklinieke in openbare gesondheidsfasiliteite in Suid-Afrika ten einde die verspreiding van die MIV-epidemie in Suid-Afrika te probeer moniteer, is toetsing vir MIV/vigs vir die doeleindes van indiensneming of skoolbywoning verbode.
- 2.5 Verpligte openbaarmaking van 'n leerder, student of opvoeder se MIV/vigs-status aan skool- of instellingsowerhede word nie voorgestaan nie, aangesien dit geen sinvolle doel het nie. In geval van openbaarmaking moet opvoeders toegerus wees om sodanige openbaarmakings te hanteer en die nodige steun ontvang om vertroulikheidskwessies te bestuur.
- 2.6 Leerders en studente met MIV/vigs behoort sover moontlik 'n vol en normale lewe te lei en moenie die geleentheid ontsê word om tot hul volle potensiaal onderrig te word nie. Eweneens moet opvoeders met MIV/vigs sover moontlik 'n normale beroepslewe lei, met dieselfde regte en geleenthede as ander opvoeders, en sonder onbillike diskriminasie teen hulle. Infeksiebeheermaatreëls en -

aanpassings moet universeel toegepas en uitgevoer word, ongeag die bekende of onbekende MIV-status van betrokke individue.

2.6.1 Die risiko van MIV-oordrag in die konteks van fisiese beserings in die daaglikse skool- of institusionele omgewing kan doeltreffend uitgeskakel word deur standaardinfeksiebeheerprosedures te volg of voorsorgmaatreëls (wat ook as universele voorsorg bekend is) te tref, sowel as deur goeie higiënepraktyke in alle omstandighede. Dit sou impliseer dat alle persone in situasies van moontlike blootstelling, soos onvoorsiene of ander fisiese beserings, of mediese intervensie op skool- of institusionele persele in geval van siekte, as potensieel besmet beskou moet word en dat hul bloed en liggaamsvloeistowwe as sulks hanteer moet word.

2.6.2 Alle skole en instellings word aangeraai om in alle omstandighede streng universele voorsorg te tref.

2.6.3 Huidige wetenskaplike bewyse doen aan die hand dat die risiko van MIV-oordrag gedurende onderrig-, sport- en speelaktiwiteite onbeduidend is. Daar bestaan geen risiko van oordrag deur speeksel, sweet, tranes, urine, respiratoriese vog, hande skud, swembadwater, gedeelde badwater, toilette, kos of drinkwater nie. Voormelde stelling oor die onbeduidende risiko van oordrag gedurende onderrig-, sport- en speelaktiwiteite geld egter slegs indien universele voorsorg getref word. Wanneer 'n leerder of student hetsy in die klas en laboratorium of op die sportveld of speelterrein 'n oop, bloeiende wond opdoen, moet voldoende wondbestuur plaasvind. Kontak sport soos boks en rugby kan waarskynlik as sportsoorte met 'n hoër risiko van MIV-oordrag as ander sporte beskou word, hoewel die inherente risiko van oordrag gedurende enige sodanige sport baie laag is.

- 2.6.4 Openbare finansiering behoort beskikbaar gestel te word om die toepassing van universele voorsorg en die voorsiening van voldoende inligting en opvoeding oor MIV-oordrag te verseker. Die staat se plig om alle redelike stappe te doen om veilige skool- en institusionele omgewings te verseker, word as 'n goeie belegging in die toekoms van Suid-Afrika beskou.
- 2.6.5 In die konteks van seksuele verhoudings is die risiko om MIV op te doen beduidend. Die vlakke van seksueel aktiewe persone in die leerdergroep in skole is hoog. Dit verhoog die risiko van MIV-oordrag in skole en instellings vir verdere onderwys en opleiding aansienlik. Buiten die seksualiteits-, moraliteits- en lewensvaardigheidsopvoeding wat opvoeders bied, behoort ouers aangemoedig te word om hul kinders met gesonde morele waardes, seksualiteitsopvoeding, en leiding met betrekking tot voorhuwelikse seksuele onthouding en getrouheid aan hul maats toe te rus. Seksueel aktiewe persone behoort aangeraai te word om veilige seks te beoefen en kondome te dra. Leerders en studente moet ingelig word oor hul regte met betrekking tot hul eie liggame ten einde hulself teen verkragting, geweld, onvanpaste seksuele gedrag en MIV te beskerm.
- 2.7 Die grondwetlike regte van alle leerders, studente en opvoeders moet op gelyke grondslag beskerm word. Indien 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon vasstel dat 'n leerder, student of opvoeder 'n medies erkende beduidende gesondheidsrisiko vir ander inhou, moet toepaslike maatreëls getref word. 'n Medies erkende beduidende gesondheidsrisiko in die konteks van MIV/vigs kan insluit die aanwesigheid van onbehandelbare aansteeklike siektes, onbeheerbare bloeding, onbehandelbare wonde, of seksueel of fisies aggressiewe gedrag wat 'n risiko van MIV-oordrag kan skep.

- 2.8 Voorts moet leerders en studente met aansteeklike siektes, soos masels, Duitse masels, waterpokkies, kinkhoes en pampoentjies, van die skool of instelling weggehou word ten einde alle ander lede van die skool of instelling te beskerm, veral diegene wie se immuunstelsels dalk reeds deur MIV/vigs verswak is.
- 2.9 Skole en instellings moet ouers van inentingsprogramme en die moontlike waarde daarvan vir die welstand van leerders en studente met MIV/vigs inlig. Plaaslike gesondheidsklinieke kan genader word om met immunisasie te help.
- 2.10 Leerders en studente moet deurlopend in die konteks van lewensvaardigheidsonderrig oor MIV/vigs en onthouding opgevoed word. Lewensvaardigheds- en MIV/vigs-opvoeding behoort nie as 'n geïsoleerde leerinhoud aangebied te word nie, maar moet by die hele kurrikulum geïntegreer word. Dit moet op 'n wetenskaplike dog verstaanbare manier aangebied word. Toepaslike kursusinhoud moet beskikbaar wees vir die voor- én nadiensopleiding van opvoeders ten einde MIV/vigs in skole te hanteer. Genoeg opvoeders moet voorsien word om leerders oor die epidemie te onderrig.
- 2.10.1 Die doel van MIV/vigs-opvoeding is om die verspreiding van MIV-infeksie te voorkom, uitermatige vrese oor die epidemie te besweer, die stigma wat daaraan kleef te verminder, en niediskriminerende houdings teenoor persone met MIV/vigs te kweek. Opvoeding moet verseker dat leerders en studente ouderdoms- en kontekstoeepaslike kennis en vaardighede verwerf ten einde gedrag aan te leer en te handhaaf wat hulle teen MIV-infeksie sal beskerm.
- 2.10.2 In die laer grade behoort die gewone opvoeder MIV/vigs-opvoeding te voorsien, terwyl die voorligtingonderwyser in die hoër grade, ideaal beskou, die toepaslike opvoeder sal wees. Weens die netelige aard van die leerinhoud behoort opvoeders wat gekies word om hierdie opvoeding

te voorsien, opleiding en steun te ontvang van die steunpersoneel gemoeid met lewensvaardigheids- en MIV/vigs-opvoeding in die skool en provinsie. Die opvoeders behoort gemaklik te voel met die inhoud en moet rolmodelle wees met wie leerders en studente hul maklik kan vereenselwig. Die skoolhoof en onderwysersvakbonde behoort opvoeders ook van kursusse in kennis te stel ten einde hul kennis en vaardighede met betrekking tot MIV/vigs-hantering te verbeter.

2.10.3 Alle opvoeders moet opgelei word om MIV/vigs-leiding te bied. Opvoeders moet hul vertrouensposisie en die grondwetlike regte van alle leerders en studente in die konteks van MIV/vigs respekteer.

2.11 Ten einde aan die eise van die wye verskeidenheid omstandighede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te voldoen en die belang van beheerliggame, rade en ouers in die onderwysvennootskap te erken, word hierdie nasionale beleid slegs as breë beginsels bedoel. Daar word beoog dat die beheerliggaam van 'n skool, in die uitvoering van sy funksies ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet (1996), die Wet op die Raad op Verdere Onderwys en Opleiding (1998) of enige provinsiale wet, in samewerking met ander rolspelers praktiese uitvoering aan die nasionale beleid sal gee deur 'n MIV/vigs-inwerkingstellingsplan op te stel en te aanvaar wat die behoeftes, etos en waardes van 'n spesifieke skool of instelling en sy omringende gemeenskap binne die raamwerk van die nasionale beleid sal weerspieël.

3. NIEDISKRIMINASIE EN GELYKHEID MET BETREKKING TOT LEERDERS, STUDENTE EN OPVOEDERS MET MIV/VIGS

3.1 Geen leerder, student of opvoeder met MIV/vigs mag hetsy direk of indirek aan onbillike diskriminasie onderwerp word nie. Opvoeders moet bedag wees op onbillike aantygings teen enige persoon wat vermoedelik MIV/vigs het.

- 3.2 Leerders, studente, opvoeders en ander personeel met MIV/vigs behoort op 'n billike, menslike en waardige manier hanteer te word.
- 3.3 Enige spesiale maatreëls met betrekking tot 'n leerder, student of opvoeder met MIV moet billik en regverdigbaar wees in die lig van mediese feite; erkende regsreëls en -beginsels; etiese riglyne; die belange van die leerder, student en opvoeder met MIV/vigs; skool- of institusionele voorwaardes, en die belange van ander leerders, studente en opvoeders.
- 3.4 Om diskriminasie te voorkom moet alle leerders, studente en opvoeders oor fundamentele menseregte onderrig word soos wat dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verskyn.

4. MIV/VIGS-TOETSING EN DIE TOELATING VAN LEERDERS TOT 'N SKOOL, EN VAN STUDENTE TOT 'N INSTELLING, OF DIE AANSTELLING VAN OPVOEDERS

- 4.1 Geen leerder of student mag toelating tot, of voortgesette bywoning van, 'n skool of instelling geweier word op grond van sy/haar MIV/vigs-status of veronderstelde MIV/vigs-status nie.
- 4.2 Geen opvoeder mag op grond van sy/haar MIV/vigs-status of veronderstelde MIV/vigs-status van die reg ontnem word om in 'n pos aangestel te word, om onderrig te bied of om bevorder te word nie. MIV/vigs-status mag nie 'n rede wees vir die ontslag van 'n opvoeder, vir die weiering om 'n dienskontrak met 'n opvoeder aan te gaan, voort te sit of te hernu, of om hom/haar op enige onbillik diskriminerende manier te behandel nie.

4.3 Daar bestaan geen mediese regverdiging vir roetinetoetsing van leerders, studente of opvoeders vir bewyse van MIV-infeksie nie. Die MIV/vigs-toetsing van leerders of studente as voorvereiste vir toelating tot, of voortgesette bywoning van, 'n skool of instelling, of om die voorkoms van MIV/vigs by skole of instellings te bepaal, is verbode. Opvoedertoetsing vir MIV/vigs as voorvereiste vir aanstelling of voortgesette diens is eweneens verbode.

5. BYWONING VAN SKOLE EN INSTELLINGS DEUR LEERDERS OF STUDENTE MET MIV/VIGS

5.1 Leerders en studente met MIV is daarop geregtig om enige skool of instelling by te woon. Die behoeftes van leerders en studente met MIV/vigs wat hulle reg op basiese onderwys betref, behoort sover redelik moontlik by die skool of instelling in ag geneem te word.

5.2 Leerders en studente met MIV/vigs moet ooreenkomstig statutêre vereistes klas bywoon vir solank as wat hulle dit doeltreffend kan doen.

5.3 Leerders van verpligte skoolouderdom wat aan MIV/vigs ly en wat nie uit skoolbywoning of tuisonderrig kan voordeel trek nie, kan ingevolge artikel 4(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, vrystelling ontvang van die Departementshoof, ná oorlegpleging met die skoolhoof, die ouer en die mediese praktisyn, waar moontlik.

5.4 Indien en wanneer leerders en studente met MIV/vigs as gevolg van hul siekte nie die skool of instelling kan bywoon nie, behoort die skool of instelling werk vir tuisstudie beskikbaar te stel en voortgesette leer sover moontlik te ondersteun. Ouers moet sover prakties moontlik toegelaat word om hul kinders tuis te onderrig ooreenkomstig die beleid vir tuisonderrig ingevolge artikel 51 van die

Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, of om ouer leerders van afstandsonderrig te voorsien.

- 5.5 Leerders en studente wat nie op hierdie manier tegemoetgekom kan word nie, of wat MIV/vigs-verwante gedragsprobleme of neurologiese skade opdoen, moet sover prakties moontlik in die onderwysstelsel in spesiale skole of gespesialiseerde residensiële instellings vir leerders met spesiale onderwysbehoefte bygestaan word. Opvoeders in hierdie instellings moet bemagtig word om MIV-positiewe leerders te versorg en te ondersteun. Tog mag plasing in spesiale skole nie as 'n verskoning gebruik word om MIV-positiewe leerders uit hoofstroomskole te verwyder nie.

6. OPENBAARMAKING VAN MIV/VIGS-VERWANTE INLIGTING EN VERTROULIKHEID

- 6.1 Geen leerder of student (of ouer namens 'n leerder of student) of opvoeder is verplig om sy/haar MIV/vigs-status aan die skool of instelling of werkgewer te openbaar nie. (In gevalle waar die gediagnoseerde mediese toestand MIV/vigs is, vereis die regulasies met betrekking tot aansteeklike siektes en die kennisgewing van aanmeldbare mediese toestande [Gesondheidswet, 1977] slegs dat die persoon wat die diagnose maak die naaste familieledede, die persone wat die pasiënt versorg en, in gevalle van MIV/vigs-verwante sterfte, die persone gemoeid met die voorbereiding van die oorledene se liggaam, in kennis stel.)
- 6.2 Vrywillige openbaarmaking van 'n leerder, student of opvoeder se MIV/vigs-status aan die toepaslike owerheid behoort verwelkom te word, en 'n bemagtigende omgewing moet geskep word waarin die vertroulikheid van sodanige inligting verseker en geen onbillike diskriminasie geduld word nie. Ingevolge artikel 39 van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), staan dit enige leerder of

student bo die ouderdom van 14 wat aan MIV/vigs ly, of die leerder se ouer indien die leerder jonger is as 14, vry om sodanige inligting vrywillig te openbaar.

- 6.3 'n Holistiese program vir lewensvaardigheids- en MIV/vigs-onderrig behoort openbaarmaking aan te moedig. In geval van vrywillige openbaarmaking kan dit in 'n leerder of student met MIV/vigs se belang wees indien 'n personeellid van die skool of instelling wat direk by die leerder of student se versorging betrokke is, van sy/haar MIV/vigs-status ingelig word. 'n Opvoeder kan sy/haar MIV/vigs-status aan die hoof van die skool of instelling openbaar.
- 6.4 Enigeen aan wie enige inligting oor die mediese toestand van 'n leerder, student of opvoeder met MIV/vigs geopenbaar word, moet hierdie inligting vertroulik hou.
- 6.5 Ongemagtigde openbaarmaking van MIV/vigs-verwante inligting kan tot regs aanspreeklikheid lei.
- 6.6 Geen werkgewer kan van 'n werksaansoeker verwag om 'n MIV-toets te ondergaan voordat hy/sy vir indiensneming oorweeg word nie. 'n Werknemer kan nie bloot weens sy/haar MIV-positiewe status ontslaan, afgelê of 'n pos geweier word nie.

7. 'N VEILIGE SKOOL- EN INSTITUSIONELE OMGEWING

- 7.1 Die LUR behoort voorsiening te maak dat alle skole en instellings universele voorsorg tref ten einde die risiko van oordrag van alle bloedpatogene, wat MIV insluit, doeltreffend in die skool of institusionele omgewing uit te skakel. Universele voorsorg sluit die volgende in:

7.1.1 Die grondslag waarop die konsekwente toepassing van universele voorsorg aangemoedig word, is die veronderstelling dat, in situasies van

potensiële MIV-blootstelling, alle persone potensieel besmet is en alle bloed as sodanig hanteer moet word. Alle bloed, oop wonde, sere, velbreuke, skaafplekke en oop velletsels sowel as alle liggaamsvloeistowwe en -uitskeidings wat met bloed bevlek of gekontamineer is (byvoorbeeld trane, speeksel, mukus, slym, urine, braaksel, ontlasting en etter), behoort dus as potensieel besmetlik hanteer te word.

- (a) Bloed, veral in groot hoeveelhede, soos neusbloedings, en ou bloed of bloedvlekke behoort uiters versigtig hanteer te word.
- (b) Vel wat per abuis aan bloed blootgestel word, moet onmiddellik met seep en lopende water gewas word.
- (c) Alle bloeiende wonde, sere, velbreuke, skaafplekke en oop velletsels behoort, ideaal beskou, onmiddellik met lopende water en/of ander ontsmetmiddels skoongemaak te word.
- (d) In geval van 'n byt- of krapvoerval wat die vel laat breek, moet die wond onder lopende water gewas of skoongemaak, drooggedruk, met ontsmetmiddel behandel en met 'n waterbestande verband bedek word.
- (e) Bloedspatsels op die gesig (slymvliese van die oë, neus of mond) behoort vir minstens drie minute met lopende water gespoel te word.
- (f) Weggooisakke en verbrandingstoestelle moet beskikbaar wees om met sanitêre ware weg te doen.

7.1.2 Alle oop wonde, sere, velbreuke, skaafplekke en oop velletsels moet te alle tye heeltemal en stewig bedek wees met 'n nedeurdringbare of waterbestande verband of pleister, sodat daar geen risiko van blootstelling aan bloed bestaan nie.

7.1.3 Alle skoonmaakwerk en reiniging moet altyd met lopende water geskied, en nie met houers water nie. Waar lopende kraanwater nie beskikbaar is

nie, behoort houers gebruik te word om water oor die betrokke area uit te giet. Skole sonder lopende water moet 'n watervoorraad, byvoorbeeld in 'n 25 liter-drom, byderhand hou, bepaald vir gebruik in noodgevalle. Hierdie water kan vir lang tydperke vars gehou word deur 'n ontsmetmiddel soos Milton by te voeg.

- 7.1.4 Alle persone wat met bloedstortings, oop wonde, sere, velbreuke, skaafplekke, oop velletsels, liggaamsvloeistowwe en -uitskeidings te doen kry, behoort beskermende latekshandskoene of plastieksakke oor hul hande te dra om die risiko van MIV-oordrag doeltreffend uit te skakel. Bloeding kan bestuur word deur druk toe te pas op die wond met materiaal wat die bloed sal absorbeer, byvoorbeeld 'n handdoek.
- 7.1.5 Indien 'n oppervlak met bloedbevlekte of -gekontameneerde liggaamsvloeistowwe en -uitskeidings besmet is (byvoorbeeld transe, speeksel, mukus, slym, urine, braaksel, ontlasting en etter), moet daardie oppervlak met lopende water en vars, skoon huishoudelike bleikmiddel (1:10-oplossing) en papier of weggooilappe gewas word. Die persoon wat die waswerk doen, moet beskermende handskoene of plastieksakke dra.
- 7.1.6 Bloedbesmette materiaal moet in 'n plastieksak verseël word en verbrand of na 'n toepaslike afvalbestuursfirma gestuur word. Sneesdoekies en toiletpapier kan dadelik in 'n toilet afgespoel word.
- 7.1.7 Indien instrumente (soos skêre) met bloed of ander liggaamsvloeistowwe besmet word, moet dit gewas word en vir minstens 'n uur in 'n sterk oplossing van huishoudelike bleikmiddel lê voordat dit drooggemaak en weer gebruik word.

- 7.1.8 Spuite en naalde moenie hergebruik word nie, maar veilig mee weggedoen word.
- 7.2 Alle skole en instellings behoort leerders, studente, opvoeders en personeel in noodhulp op te lei, en moet minstens twee noodhulpkissies beskikbaar hê en in stand hou, waarvan elk die volgende moet bevat:
- (a) Twee groot en twee mediumgrootte pare weggoerbare latekshandskoene
 - (b) Twee groot en twee mediumgrootte pare huishoudelike rubberhandskoene vir die hantering van bloeddeurdrenkte materiaal in bepaalde gevalle (soos wanneer gebreekte glas die gebruik van latekshandskoene uitskakel)
 - (c) Absorberende materiaal, waterbestande pleisters, ontsmetmiddel (soos hipochloriet), skêre, watte, gaasverband, sneesdoekies, waterhouers, en 'n mondstuk of soortgelyke toestel waarmee mond-tot-mond-asemhaling sonder enige kontak met bloed of ander liggaamsvloeistowwe toegepas kan word
 - (d) Beskermende oogtoerusting
 - (e) 'n Beskermende gesigmasker wat die neus en mond bedek
- 7.3 Universele voorsorg is in wese buffers om kontak met bloed of liggaamsvloeistowwe te voorkom. Minder gesofistikeerde toestelle as die wat in 7.2 beskryf word, kan ook voldoende buffers uitmaak, soos:
- (a) heel plastieksakke oor hande indien lateks- of rubberhandskoene nie beskikbaar is nie;
 - (b) gewone huishoudelike bleikmiddel as ontsmetmiddel, wat na gelang van behoefte in 'n 1:10-oplossing (een deel bleikmiddel vir tien dele water) aangemaak word;
 - (c) 'n bril; en
 - (d) 'n serp.

- 7.4 Elke klaskamer of ander onderrigarea behoort verkieslik 'n paar lateks- of huishoudelike rubberhandskoene te hê.
- 7.5 Lateks- of huishoudelike rubberhandskoene behoort by elke sportgeleentheid beskikbaar te wees. Die toesighouer op die speelterrein behoort ook oor sodanige handskoene te beskik.
- 7.6 Noodhulpkissies en toepaslike skoonmaaktoerusting behoort in een of meer gekose lokale in die skool of instelling geberg te word, en moet te alle tye toeganklik wees, ook vir die speelterreintoesighouer.
- 7.7 Gebruikte items moet ingevolge paragraaf 7.1.6 en 7.1.7 hanteer word.
- 7.8 'n Aangewese personeellid van die skool of instelling behoort weekliks die inhoud van die noodhulpkissies of die beskikbaarheid van ander geskikte buffers met 'n kontrolelys te vergelyk. Items wat verval het of opgebruik is, moet onmiddellik vervang word.
- 7.9 'n Ten volle toegeruste noodhulpkissie moet by alle skool- of institusionele geleenthede, uitstappies en toere beskikbaar wees, en behoort ook in voertuie vir leerdervervoer na en van sodanige geleenthede gehou te word.
- 7.10 Alle leerders, studente, opvoeders en ander personeel, wat sportafrigters insluit, behoort toepaslike inligting en opleiding oor MIV-oordrag, die hantering en gebruik van noodhulpkissies, en die belang en toepassing van universele voorsorg te ontvang.
- 7.10.1 Leerders, studente, opvoeders en ander personeel behoort opgelei te word om hul eie bloeding of beserings te bestuur en ander te help en te beskerm.

- 7.10.2 Leerders, veral diegene in preprimêre en laerskole, en studente behoort opdrag te kry om nooit aan ander se bloed, oop wonde, sere, velbreuke, skaafplekke en oop velletsels te raak of noodgevalle soos neusbloedings, snyplekke en skaafplekke van vriende self te hanteer nie. Hulle moet geleer word om onmiddellik 'n opvoeder of ander personeelid se hulp in te roep.
- 7.10.3 Leerders en studente behoort geleer te word dat alle oop wonde, sere, velbreuke, skaafplekke en oop velletsels op alle persone te alle tye heeltemal met waterbestande verbande of pleisters bedek moet word, en nie net wanneer dit in die skool- of institusionele omgewing opgedoen word nie.
- 7.11 Alle skoonmaakpersoneel, leerders, studente, opvoeders en ouers behoort kennis te ontvang van die universele voorsorg wat 'n skool of instelling sal tref.
- 7.12 'n Afskrif van hierdie beleid moet in die mediasentrum van elke skool of instelling gehou word.

8. VOORKOMING VAN MIV-OORDRAG GEDURENDE SPEL OF SPORT

- 8.1 Die risiko van MIV-oordrag as gevolg van kontakspel en kontak sport is oor die algemeen onbeduidend.
- 8.1.1 Die risiko verhoog waar oop wonde, sere, velbreuke, skaafplekke, oop velletsels of slymvliese van leerders, studente en opvoeders aan besmette bloed blootgestel word.
- 8.1.2 Sekere kontak sport kan 'n verhoogde risiko van MIV-oordrag inhou.

- 8.2 Voldoende wondbestuur, in die vorm van die toepassing van universele voorsorg, is noodsaaklik om die risiko van MIV-oordrag gedurende kontakspel en kontak sport te beheer.
- 8.2.1 Geen leerder, student of opvoeder mag aan kontakspel of kontak sport deelneem indien hy/sy 'n oop wond, seer, velbreuk, skaafplek of oop velletsel het nie.
- 8.2.2 Indien bloeding gedurende kontakspel of kontak sport voorkom, moet die beseerde speler onmiddellik van die speelterrein of sportveld verwyder en toepaslik behandel word soos wat paragraaf 7.1.1 tot 7.1.4 beskryf. Slegs dan mag die speler spel hervat en ook net solank enige oop wond, seer, velbreuk, skaafplek of oop velletsel heeltemal en stewig bedek bly.
- 8.2.3 Bloedbevlekte klere moet vervang word.
- 8.2.4 Dieselfde voorsorg behoort vir beseerde opvoeders, personeellede en toeskouers getref te word.
- 8.3 'n Ten volle toegeruste noodhulpkissie behoort beskikbaar te wees wanneer kontakspel of kontak sport ook al plaasvind.
- 8.4 Sportdeelnemers met MIV/vigs, wat afrigters insluit, behoort mediese advies in te win voordat hulle aan sport deelneem, ten einde die risiko's vir hul eie gesondheid sowel as die risiko van MIV-oordrag na ander deelnemers te bepaal.
- 8.5 Personeellede wat as sportadministrateurs, -bestuurders en -afrigters optree, moet die beskikbaarheid van noodhulpkissies sowel as die tref van universele voorsorg in geval van bloeding gedurende sportdeelname verseker.

8.6 Personeellede wat as sportadministrateurs, -bestuurders en -afrigters optree, is besonder goed geplaas om sportdeelnemers van sinvolle MIV/vigs-opvoeding te voorsien. Sodanige personeel behoort sportdeelnemers aan te moedig om mediese en ander toepaslike advies in te win, waar toepaslik.

9. MIV/VIGS-OPVOEDING

9.1 'n Voortgesette lewensvaardigheids- en MIV/vigs-opvoedingsprogram moet in alle skole en instellings vir alle leerders, studente, opvoeders en ander personeellede in werking gestel word. Maatreëls moet ook in koshuise getref word.

9.2 Ouderdomstoepaslike opvoeding oor MIV/vigs moet deel uitmaak van die kurrikulum vir alle leerders en studente, en behoort by die lewensvaardigheidsopvoeding vir voorskoolse, laer- én hoërskoolleerders geïntegreer te word. Dit behoort die volgende in te sluit:

9.2.1 Die voorsiening van inligting oor MIV/vigs, en die ontwikkeling van die nodige lewensvaardighede om MIV-oordrag te voorkom

9.2.2 Die vaslegging van basiese noodhulpbeginsels vanaf 'n vroeë ouderdom, wat insluit die hantering van bloeding met die nodige veiligheidsmaatreëls

9.2.3 'n Klem op die rol van dwelms, seksuele misbruik en geweld sowel as seksueel oordraagbare siektes in die oordrag van MIV, en die bemagtiging van leerders om hierdie situasies te hanteer

9.2.4 Die aanmoediging van leerders en studente om van die gesondheidsorg-, berading- en steundienste van gemeenskapsorganisasies en ander dissiplines gebruik te maak (met inbegrip van dienste met betrekking tot

voortplantingsgesondheid en die voorkoming en behandeling van seksueel oordraagbare siektes)

- 9.2.5 Die opvoeding van leerders en studente oor toepaslike gedrag teenoor persone met MIV/vigs, en bewusmaking van vooroordeel en stereotipering met betrekking tot MIV/vigs
 - 9.2.6 Die skep van 'n bemagtigende omgewing en 'n kultuur van niediskriminasie teenoor persone met MIV/vigs
 - 9.2.7 Die voorsiening van inligting oor toepaslike voorkomings- en vermydingsmaatreëls, wat insluit onthouding van seksuele omgang en sedeloosheid, die gebruik van kondome, getrouheid aan een bedmaat, onmiddellike mediese behandeling van seksueel oordraagbare siektes en tuberkulose, die vermyding van traumatiese kontak met bloed, en die tref van universele voorsorg
- 9.3 Opvoeding en inligting oor MIV/vigs moet op 'n akkurate en wetenskaplike manier en in verstaanbare taal voorsien word.
 - 9.4 Ouers van leerders en studente moet ingelig word oor alle lewensvaardigheids- en MIV/vigs-opvoeding by die skool en instelling, die leerinhoud en -metode, sowel as die waardes wat onderrig word. Hulle moet genooi word om aan ouerleidingsessies deel te neem en moet bewus gemaak word van hul rol as seksualiteits- en waarde-opvoeders tuis.
 - 9.5 Opvoeders mag nie seksuele verhoudings met leerders of studente aanknoop nie. Indien dit gebeur, moet die saak ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998, hanteer word.

9.6 Indien leerders, studente of opvoeders MIV opdoen, behoort hulle ingelig te word dat hulle vir baie jare steeds normale, gesonde lewens kan lei deur na hulle gesondheid om te sien.

10. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS, STUDENTE, OPVOEDERS EN OUERS

10.1 Alle leerders, studente en opvoeders behoort die regte van ander leerders, studente en opvoeders te respekteer.

10.2 Die gedragskode vir leerders by 'n skool of vir studente by 'n instelling behoort bepalinge in te sluit met betrekking tot die onaanvaarbaarheid van gedrag wat 'n risiko van MIV-oordrag kan skep.

10.3 Die uiteindelijke verantwoordelikheid vir 'n leerder of student se gedrag berus by sy/haar ouers. Ouers van alle leerders en studente:

10.3.1 moet van leerders of studente verwag om alle reëls na te kom wat daarop afgestem is om gedrag te voorkom wat tot 'n risiko van MIV-oordrag kan lei; en

10.3.2 word aangemoedig om 'n daadwerklike poging aan te wend om enige inligting of kennis oor MIV/vigs te bekom wat die skool of instelling voorsien, en om vergaderings by te woon wat die beheerliggaam of raad vir hulle belê.

10.4 Leerders, studente of opvoeders met MIV/vigs, en hulle ouers in geval van leerders of studente, word aangeraai om mediese advies in te win om vas te stel of die leerders, studente of opvoeders weens hulle toestand of optrede 'n medies erkende beduidende gesondheidsrisiko vir ander inhou. Indien sodanige risiko

bevestig word, moet die hoof van die skool of instelling in kennis gestel word. Die hoof van die skool of instelling moet die nodige stappe doen om die gesondheid en veiligheid van ander leerders, studente, opvoeders en personeellede te verseker.

10.5 Opvoeders het 'n besondere plig om te verseker dat die regte en waardigheid van alle leerders, studente en opvoeders gerespekteer en beskerm word.

11. WEIERING OM TE STUDEER SAAM MET, OF ONDERRIG TE BIED AAN, 'N LEERDER OF STUDENT MET MIV/VIGS, OF OM SAAM TE WERK MET, OF ONDERRIG TE WORD DEUR, 'N OPVOEDER MET MIV/VIGS

11.1 Weiering om saam met 'n leerder of student te studeer of saam te werk met, of onderrig te word deur, 'n opvoeder of ander personeellid op grond van bevestigde of veronderstelde MIV/vigs-status behoort voorkom te word deur akkurate en verstaanbare inligting oor MIV/vigs aan alle opvoeders, personeellede, leerders, studente en hul ouers te voorsien.

11.2 Leerders en studente wat weier om saam met 'n medeleerder of -student te studeer of weier om deur 'n opvoeder of opvoeders onderrig te word, en personeel wat weier om saam met 'n mede-opvoeder of -personeellid te werk of weier om 'n leerder of student te onderrig of met hom/haar om te gaan, op grond van bevestigde of veronderstelde MIV/vigs-status, en wat bekommerd is dat hulle self met die virus besmet kan word, behoort voorligting te ontvang.

11.3 Die hoof en opvoeders behoort die situasie ooreenkomstig die beginsels van hierdie beleid, die gedragskode vir leerders of die professionele etiekkode vir opvoeders op te los. Indien die saak nie deur voorligting en bemiddeling opgelos kan word nie, kan dissiplinêre optrede volg.

12. SKOOL- EN INSTITUSIONELE INWERKINGSTELLINGSPLANNE

- 12.1 Binne die perke van sy bevoegdheid ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996; die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998, of enige toepaslike provinsiale wet, kan die beheerliggaam van 'n skool of die raad van 'n instelling sy eie inwerkingstellingsplan oor MIV/vigs opstel en aanvaar ten einde praktiese uitvoering aan die nasionale beleid te gee.
- 12.2 'n Provinsiale onderwysbeleid oor MIV/vigs wat op die nasionale beleid berus, kan as riglyn dien vir beheerliggame wanneer hulle sodanige inwerkingstellingsplan opstel.
- 12.3 Belangrike rolspelers in die groter skool- of institusionele gemeenskap (byvoorbeeld godsdienstige en tradisionele leiers, verteenwoordigers van die mediese of gesondheidsorgberoepes, of tradisionele genesers) behoort betrek te word by die ontwikkeling van 'n inwerkingstellingsplan oor MIV/vigs vir die skool of instelling.
- 12.4 Binne die basiese beginsels wat in hierdie nasionale beleid neergelê word, behoort die skool- of institusionele inwerkingstellingsplan oor MIV/vigs oorweging te skenk aan die behoeftes en waardes van die betrokke skool of instelling en sy toevoergemeenskap. Oorlegging oor die skool- of institusionele inwerkingstellingsplan kan komplekse vraagstukke aanroer en probeer beantwoord, soos oordeelkundigheid met betrekking tot verpligte seksualiteitsopvoeding, en of kondome as voorkomingsmaatreël in 'n skool of instelling beskikbaar gestel moet word en, indien wel, in watter omstandighede.

13. GESONDHEIDSADVIESKOMITEE

13.1 Waar gemeenskapshulpbronne dit toelaat, word aanbeveel dat elke skool en instelling sy eie gesondheidsadvieskomitee as 'n komitee van die beheerliggaam of raad in die lewe roep. Waar die vestiging van so 'n komitee onmoontlik is, behoort die skool of instelling uit die beskikbare kundigheid in die onderwys- en gesondheidstelsels te put. Die gesondheidsadvieskomitee kan sover moontlik die hulp van gemeenskapsgesondheidswerkers onder leiding van 'n verpleegkundige, of die hulp van plaaslike klinieke, inroep.

13.2 Waar dit wél moontlik is om 'n gesondheidsadvieskomitee te stig, behoort die komitee:

13.2.1 deur die beheerliggaam of raad saamgestel te word, en uit opvoeders en ander personeel; verteenwoordigers van die ouers van leerders by die skool of van studente by die instelling; verteenwoordigers van die leerders of studente self, en verteenwoordigers van die mediese of gesondheidsorgberoepe te bestaan;

13.2.2 sy eie voorsitter te kies wat verkieslik oor kennis op die gebied van gesondheidsorg moet beskik;

13.2.3 die beheerliggaam of raad oor alle gesondheidsake, wat MIV/vigs insluit, te adviseer;

13.2.4 verantwoordelik te wees vir die ontwikkeling en bevordering van 'n skool- of institusionele inwerkingstellingsplan oor MIV/vigs, en die plan van tyd tot tyd te hersien, veral namate nuwe wetenskaplike kennis oor MIV/vigs beskikbaar kom; en

13.2.5 geraadpleeg te word oor die bepalings met betrekking tot die voorkoming van MIV-oordrag in die gedragskode.

14. INWERKINGSTELLING VAN HIERDIE NASIONALE BELEID OOR MIV/VIGS

- 14.1 Die Direkteur-Generaal van Onderwys en die hoofde van provinsiale onderwysdepartemente is verantwoordelik vir die inwerkingstelling van hierdie beleid, ooreenkomstig hul verantwoordelikhede ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en enige toepaslike wet. Elke onderwysdepartement moet 'n MIV/vigs-programbestuurder en 'n werkgroep aanwys om die beleid aan alle personeel oor te dra; die departement se MIV/vigs-program in werking te stel, te moniteer en te beoordeel; die bestuur met betrekking tot programinwerkingstelling en -vordering te adviseer, en 'n ondersteunende en nediskriminerende omgewing te skep.
- 14.2 Die hoof van 'n skool of instelling of die hoof van 'n koshuis is verantwoordelik vir die praktiese inwerkingstelling van hierdie beleid op skool-, institusionele of koshuisvlak, en vir die handhawing van 'n voldoende veiligheidstandaard ingevolge hierdie beleid.
- 14.3 Daar word aanbeveel dat 'n skoolbeheerliggaam of 'n institusionele raad alle redelike en haalbare maatreëls tref om die hulpbronne aan te vul wat die staat voorsien, ten einde die beskikbaarheid van voldoende buffers (selfs in die vorm van minder gesofistikeerde materiaal) by die skool of instelling te verseker om kontak met bloed of liggaamsvloeistowwe te voorkom.
- 14.4 Streng nakoming van universele voorsorg word in alle omstandighede (ook spel- en sportaktiwiteite) aanbeveel, aangesien die staat aanspreeklik sal wees vir enige skade of verlies wat uit enige handeling of versuim met

betrekking tot enige opvoedkundige aktiwiteit deur 'n openbare skool of instelling spruit.

15. GEREELDE HERSIENING

Hierdie beleid sal gereeld hersien en by veranderde omstandighede aangepas word.

16. TOEPASSING

16.1 Hierdie beleid geld vir openbare skole wat leerders in een of meer grade tussen graad 0 en graad 12 inskryf, sowel as vir instellings vir verdere onderwys en opleiding, en vir opvoeders.

16.2 Afskrifte van hierdie beleid moet beskikbaar gestel word aan onafhanklike skole wat by die provinsiale onderwysdepartemente geregistreer is.

17. VERTOLKING

Die vertolking van hierdie beleid behoort in alle gevalle respek vir die regte van leerders, studente en opvoeders met MIV/vigs sowel as die regte van ander leerders, studente, opvoeders en lede van die skool- en institusionele gemeenskappe te verseker.

18. WAAR HIERDIE BELEID BEKOM KAN WORD

Hierdie beleid kan van die Kommunikasiedirekteur, Departement van Onderwys, Privaat Sak X895, Pretoria 0001 of telefoonnomer 012 312 5271 bekom word.

Die beleid is ook beskikbaar op die internet by <http://education.pwv.gov.za>.

